UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



# MARENET EN JEANNE

## Lesse uit die nuuskantoor


Load-shedding tips for the office

Marvin Koopman is Meneer Alumni

Museum exhibits SU's history

Marietjie Theron-Wepener se droom word waar





JAAR 23#02 MAART 2015 YEAR 23#02 MARCH 2015

US Personeelblad SU Staff Magazine

# contents inhoud


My Kampus: Marvin Koopman is Meneer Alumni ....3
Opvoedkunde-vereniging vereer prof Aslam Fataar ....4
SU looks at partnership with Ningxia University ....5
Food security programme a first for Africa ....6
Vensters 2015 was groot sukses ....7
Dosente uit die loopgrawe van joernalistiek ....8
Load-shedding tips for the office ....9
Prof Samad Shaik advances foetal surgery ....10
Leon Croukamp en die trein na Matjiesfontein ....11
Museum exhibits SU's history ....12
Kampuslewe: Eet, lees en luister ....13
Tuisgekook is steeds die beste ....14
In gesprek met dr Marietjie Theron-Wepener ....15
Brokkies in Beeld ....16






*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Stefan Els
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: 021 808 2927, faks: 021 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za of wmuller@sun.ac.za


UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

Geen twee mense is dieselfde nie, en dit maak die lewe so interessant. In die loop van jou lewe ontmoet jy altyd mense wat jou horisonne verbreed met die uiteenlopende dinge wat hulle doen.

'n Kampusgemeenskap soos hier op Stellenbosch is presies so – 'n mengelmoes van mense met verskillende lewensuitkyke en belangstellings. En al ontmoet 'n mens hulle nie aldag op kampus nie, sal jy hulle beslis in *Kampusnuus* leer ken.

Dié maand is daar twee nuwe joernalistiekdosente, Marenet Jordaan en Jeanne van der Merwe, op ons voorblad. Albei is vroue wat reeds 'n groot bydrae tot die mediabedryf gemaak het en nou hul kennis en ervaring met US-studente deel.

Op bladsy 8 kan jy dié twee ervare koerantvroue ontmoet en hoor wat hulle dryf.

Last year, one of South Africa's top paediatric surgeons joined SU's Faculty of Medicine and Health Sciences. Prof Samad Shaik chats to *Kampusnuus* on page 10 about his field of speciality, which is intricate foetal surgery.

Engineering lecturer Leon Croukamp is more than just a teacher. He has a keen interest in model trains and a love for the small Karoo settlement of Matjiesfontein. On page 11 he tells us how it all ties in with his work as a geological engineer.

Ons gesels ook met dr Marietjie Theron-Wepener van die US Bestuurskool, vir wie 'n droom waar geword het. Van kleins af wou sy haar PhD-graad voltooi, en pas by die Desember-gradeplegtigheid is daardie droom verwesenlik. Op bladsy 15 vertel sy van die lang pad na sukses wat sy geloop het.

Daar is ook vele ander nuus: onder meer oor 'n nuwe uitstalling oor die US se geskiedenis en 'n konsert met twee voorste Stellenbosse musici.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus*.

Wayne

## KAMPUS klets

Wow, Prof Fataar, it is indeed an honour to read about all your achievements (see page 4). You were by far one of my best teachers at Lotus River High School. I am but an administrator at the University of Cape Town and after reading your article I am sure to tackle higher education – that is how motivated I am by it. By the way, apart from the grey hair, you have not aged a day. – *Cornelia Maree-Williams*

Baie geluk met die prestasie, prof Frederik Uys (van die Skool vir Publieke Leierskap), dat jy die toekenning vir die 2014 ICPA Best Theory Paper ontvang het by die 2014 ICPA Konferensie. Trots op jou. – *Petro*

I am from Zimbabwe and 27 years old. What brought me to Stellenbosch University is that at the end of the day I go home with a quality education from a prestigious university in Africa. – *Josiah Zhou*

Stellenbosch University is a good place to be.
– *Francois Cleophas*

Good work, Dr Ben Loos (head of the DSG-Neuro Lab at SU). Thanks for the training you gave me on the microscope. I'm now in charge of a similar machine and surely I will need your help now and then. Ukwanda kwaliwa ngumthakathi.
– *Mivuyo Mbovane*

*Briewe aan Kampusnuus is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word. Kampusnuus behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (@stellenboschuni).*





# Maties se Meneer Alumni

*Vir Marvin Koopman is daar min dinge so lekker soos om oudstudente op hoogte te hou van die baanbrekerswerk wat by hul alma mater gedoen word. En as sy werk as geleentheidskoördineerder in die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-verhoudinge vereis dat hy dan en wan 'n opskop reël, doen hy dit met plesier. Deur ILSE ARENDSE*

**Ek is nou al vier jaar by die Universiteit ...** spesifiek in die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-verhoudinge. Ek is verantwoordelik daarvoor om strategiese geleenthede vir die Universiteit se alumni te reël. 'n Groot deel van my werk is ook om verhoudings binne en buite die instansie te bou.

**Ek beskou myself as 'n mense-mens ...** so my take kom baie natuurlik, want dit is my passie om op 'n gereelde basis met mense van verskillende agtergronde te werk. Die verskeidenheid projekte waaraan ek werk en die daaglikse uitdagings om struktuur en gedaante aan nuwe idees en projekte te gee, maak alles vir my die moeite werd.



**My werk is veel meer ...** as om te sorg dat daar drankies en eetgoed is, want daar gaan beslis baie navorsing en beplanning in wanneer dit kom by die verskillende geleenthede wat ons aanbied. Op 'n tipiese dag hanteer ek verskeie e-posse en telefoonoproepe en sorg ek ook dat daar nuusbriewe aan oudstudente uitgaan. Beplanning vir die jaar neem ook heelwat van my tyd in beslag.



**Stellenbosch lê my na aan die hart ...** want ek is hier gebore en het my skoolloopbaan aan Paul Roos voltooi. Ná skool het ek by 'n hotelskool aangesluit om my droom te verwesenlik om eendag 'n hotelbestuurder of sjef te word. Ek het ook my vlerke gesprei en het direk ná my studies, soos baie ander, Londen toe gegaan om ondervinding te gaan opdoen en om die wêreld te verken. Ná 'n redelike tyd het ek weer my voete in die Kaap kom vind en met my passie en energie 'n paar hotelle in die Wes-Kaap help open en bestuur. Een van my hoogtepunte was dat ek tydens die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi betrokke was by opleiding van personeel om belangrike gaste te hanteer.



**Vanjaar wag daar 'n opwindende tyd ...** in my persoonlike lewe wanneer my eersteling aan die einde van Maart sy of haar verskyning maak. Intussen werk ek aan my tuin en spandeer ek tyd met vriende terwyl my program dit nog toelaat. Ek is ook nogal 'n kranige selfdoen-ghoeroe – al moet ek dit nou self sê. Ek werk nou hoeka daaraan om my vrou se 30 jaar oue bababedjie te restoureer. Die slagspreuk "om te leer van gister, te leef vir vandag, en te hoop vir môre" beskryf goed hoe ek elke dag probeer leef op persoonlike sowel as professionele vlak.

*Foto's: STEFAN ELS*

# Opvoedkunde-vereniging vereer US se prof Aslam Fataar

Prof Aslam Fataar van die US se Fakulteit Opvoedkunde is onlangs vereer vir sy uitstaande diens aan die akademiese studie van onderwys, sowel as sy diens aan hierdie sektor.

Hy is bekroon met 'n erepenning van die Opvoedkunde-vereniging van Suid-Afrika (OVSA), 'n inklusiewe organisasie van akademici, navorsers en praktisyns wat almal die onderwys prioritiseer, veral in Suid-Afrika.

Fataar, tans Visedekaan: Navorsing in die Fakulteit Opvoedkunde, het sy akademiese loopbaan as 'n junior dosent in 1995 aan die Universiteit van die Wes-Kaapland (UWK) begin. Hy was ook voorheen vir ses jaar 'n hoërskoolonderwyser in Lotus River. Hy het sy MA in 1992 en PhD in 1999 by UWK voltooi, het onder meer gedien as 'n besoekende professor by Ohio-universiteit in 1999 en het 'n Fulbright-navorsingsgenootskap by Illinois-universiteit van Augustus 2005 tot Junie 2006 voltooi.

Volgens dié NNS B-gegradeerde navorser is hierdie erkenning 'n groot eer vir hom. "Dit is 'n onverwagse eer vir die werk wat ek die afgelope 20 jaar in my hoedanigheid as 'n akademikus in opvoedkunde gedoen het. Dit voel goed om so 'n erkenning van my eweknieë te ontvang," sê hy.




Prof Aslam Fataar Photo: JUSTIN ALBERTS

Fataar het bygevoeg dat die toekenning 'n verantwoordelikheid op hom plaas om steeds daarop te fokus om voorpunt-navorsing te lewer en "om voort te gaan om by te dra tot die ontwikkeling van ander akademici en studente".

OVSA het Fataar geprys vir sy diens aan die onderwys-akademie, veral sy ontwikkelingswerk in verskeie onderwysverenigings, sy redaksionele rol by die geakkrediteerde tydskrif *Southern African Review of Education*, en sy leierskapsrol in die vestiging van die South African Education Research Association, waarvan hy die huidige president is.

# Business School welcomes three new lecturers

The University of Stellenbosch Business School (USB) welcomed three new lecturers recently.



**Prof Charlene Gerber (left)** is no newcomer to SU. She worked at SU's Department of Business Management from 2006 before she joined the Business School in February.

She has been appointed in the position of associate professor and will be teaching, amongst others, Marketing alongside the head of the MBA programme, Prof Marlize Terblanche-Smit. Gerber looks forward to teaching her students "to think outside of the box and to approach problems creatively in the work environment".



**Prof Mias de Klerk (left)** says "if you understand why something happens, you will understand the how".

De Klerk, who joined USB as associate professor in Leadership and Human Capital Management, worked at Sasol for 27 years and he was also a part-time lecturer on the Industrial Psychology Programme at the University of Pretoria. De Klerk will focus on Group Dynamics and High Performance Human Management in particular.

"To be able to teach full-time at USB is very fulfilling. In the past, I could only do it part-time. What an incredible privilege and opportunity," he says.



**Dr Kobus Serfontein (left)** has been appointed Head: MBA Leadership Module at USB. He was previously head of Human Resources at PSG Group Ltd. He has been involved with USB Executive Development (USB-ED) for the past 12 years and has also been a part-time lecturer on USB's MBA programme for the last five years.

About his approach to teaching, he says: "At USB, we not only facilitate theory but also give the students exposure to the process of their own personal development. Therefore, we are preparing them to confidently tackle leadership challenges in a changing environment."

# Prof Wim de Villiers open konferensie oor verpleegkunde

Prof Wim de Villiers, aangewese US-rektor, het die verwelkomingsrede gelewer by 'n konferensie van die Forum of University Nursing Deans in South Africa (FUNDISA), wat op 19 Februarie deur die US se Afdeling Verpleegkunde aangebied is.

By die konferensie is sake van nasionale belang in verpleegkunde en verloskunde bespreek.

Dit was De Villiers se eerste amptelike optrede sedert hy in Desember as rektor aangewys is.

Hy sal in April amptelik die tuig opneem.




# Stellenbosch looks at partnership with Ningxia University

Stellenbosch University signed a Memorandum of Understanding with Ningxia University in China, paving the way for closer cooperation between the two institutions.

Prof Leopoldt van Huyssteen, Acting Rector and Vice-Chancellor, and Robert Kotzé, Senior Director of the Postgraduate and International Office, met with a delegation from Ningxia Province on 29 January. The delegation was led by Prof Xie Yingzhong, Vice-President of Ningxia University, who signed a general agreement outlining a framework for a possible partnership agreement.

Welcoming the delegates to Stellenbosch, Van Huyssteen highlighted SU's commitment to innovation and referred to the university's unique position with regards to Viticulture and Oenology, the latter something the Chinese university has expressed an interest in.

SU has partnership agreements with 11 Chinese universities, offering mobility opportunities for SU staff and students and Chinese partner universities.



*At the signing of the MoU are (front) Prof Xie Yingzhong, Vice-President of Ningxia University; and Prof Leopoldt van Huyssteen, SU Acting Rector and Vice-Chancellor; (back) Zhang Huaiyi, Director of the Asian African Affairs Division at Ningxia Foreign Affairs Office; He Jian, Vice-Secretary General of the General Office of the CPC Ningxia Commitee; and Robert Kotzé of the PGIO at SU.* Photo: ANTON JORDAAN

# USB 50-gedenkboek nou beskikbaar



*Prof Piet Naudé, Direkteur van die USB, en dr Marietjie Theron-Wepener, USB-adjunk-direkteur: Sake-ontwikkeling, Bemarking en Kommunikasie, blaai deur die USB se 50-jaar gedenkboek.*

Die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) se spesiale 50-jaar gedenkboek is pas van die drukkers ontvang en nou beskikbaar.

Die volkleurboek van 160 bladsye vertel die Bestuurskool se verhaal in teks én foto's.

Die USB het in 1964 met 14 deeltydse MBA-studente begin. Vandag is die USB 'n top bestuurskool met drie internasionale akkreditasies en meer as 1 200 studente in verskeie programme. Die boek vier vyf dekades se mylpale, mense, stories, groei en konneksies.

Dr Marietjie Theron-Wepener, USB-adjunkdirekteur: Sake-ontwikkeling, Bemarking en Kommunikasie, sê sy is verheug dat die USB 50-gedenkboek nou die lig gesien het.

"Dit het 'n baie groot poging van 'n klomp mense – binne én buite die USB – geverg. Die terugvoer wat ons kry, oortref al ons verwagtinge. Baie mense van oor die hele Suid-Afrika en selfs sover as Australië en die VK het reeds die boek bestel," sê sy.

Die boek kan bestel word by www.usb.ac.za.

# Wynproepaneel help met US se wynnavorsing

Wat het 'n bibliotekaris van Belarus, 'n ingenieur van Rusland, 'n klavieronderwyser van die Oekraïne, 'n sakeman met wortels in Lesotho, en 'n Suid-Afrikaanse aspirant-aktrise met die wynmaakpogings by die US te make?

Hulle is almal toegewyde lede van die sensoriese panele van die Departement Wingerd- en Wynkunde (DWW). Drie oggende per week stel hulle die eindresultate van menige student of navorser se harde werk op die proef.

Hulle evalueer en beskryf hoe die wyne wat vir navorsingsprojekte gemaak is, ruik, smaak en lyk. Hul taak is om alles uit te vind oor die invloed van die verskeie wingerdbou- en wynmaaktegnieke en behandelings op die eindproduk. Die data word dan statisties ontleed om gewig te verleen aan verskeie navorsingspogings.

Die wyne wat in die Instituut vir Wynbiotegnologie en die DWW gemaak word, is dikwels die uiteinde van jare se harde werk en aansienlike beleggings uit die bedryf en van ander finansiers. Die sukses van hierdie navorsingsprojekte berus in die meeste gevalle op wat die uitwerking van die behandelings op die wyn is, en of die verbruiker dit sal kan optel. Dit is hier waar die insette en terugvoer van die sensoriese evalueringspaneellede van onskatbare waarde is.

Die nuwe paneel het hul opleiding en werk in September onder Valeria Panzeri se leiding begin. Nuwe personeellede Olwethu Fana and Wandisa Maxiti, wat deur die Instituut vir Wingerd- en Wynwetenskap aan die US gefinansier word, ondersteun ook die werksaamhede.

Die kamer in die Neethling-gebou waar hulle hul sensoriese vaardighede op die proef stel, is spesiaal vir hierdie doel toegerus, met proehokkies en wynglase tot hul beskikking.

Data is aan die begin per hand vasgelê, maar die paneel skakel nou oor na 'n gerekenariseerde stelsel.

## Programme to manage food security a first in Africa

The food security challenge in sub-Saharan Africa is complex and paramount, with approximately 200 million people across the continent currently affected by chronic malnutrition and a population exceeding one billion.

According to the Commonwealth Scientific and Industrial Research Organisation (CSIRO) this figure is expected to more than double by 2050.

It is against this background that the public executive development and training company of the University of Stellenbosch Business School, USB Executive Development (USB-ED), and the University of Stellenbosch Food Security Initiative has joined forces to present a programme in Managing Food Security as a development opportunity.

The programme was presented from 2 to 5 March in Cape Town.

The Food Security Initiative, with the focus on three key areas of sustainable production for safe and nutritious food, utilisation of safe and nutritious food and post-harvest optimisation, is part of the HOPE Project.

Willemien Law, Head of open programmes at USB-ED, says the programme is a first for Africa, providing participants with a learning experience that is both theoretical and practical. "Food security and the management thereof provide a growing opportunity for producers and retailers, with Africa's increasingly urban population purchasing food on an ever greater scale. For those working across the food system, it is a huge challenge to ensure enough safe, nutritious and culturally appropriate food that minimises waste and copes with the economic and climatic stresses.

"Addressing the challenges of the food system requires producers, managers, retailers, directors and policy makers to understand the changing context of the food system. Failure to understand the context will result in inefficiency, waste, poor service delivery, unsafe or even insufficient food," Law says.

## Klink 'n glasie op die wetenskap by Woordfees 2015

Natuurwetenskaplikes gaan tydens Woordfees 2015 'n glasie op die wetenskap klink en met feesgangers in gesprek tree sonder om een keer 'n tegnies algemeen onverstaanbare term te gebruik.

Science Café Stellenbosch is geskoei op die Café Scientifique-konsep wat in 1999 in Brittanje begin is. Die doel van 'n Science Café is om die kloof tussen die wetenskap en die algemene publiek te oorbrug deur in 'n nie-akademiese omgewing, én sonder enige PowerPoint-aanbiedings, met Jan en San Alleman in gesprek te tree.



*Kom gesels oor die wetenskap by vanjaar se Woordfees met (van links na regs) Oonsie Biggs, Natasha Mothapo, Mike Cherry, Theresa Wossler en Guy Midgley.* Foto: ANTON JORDAAN

Die eerste twee Science Cafés Stellenbosch skop op 10 en 11 Maart tydens die Woordfees af, waarna dit op die laaste Donderdag van elke maand by Café Art langs die P.J. Oliver-kunssentrum sal plaasvind.

Twee van Suid-Afrika se voorste kenners op die gebied van klimaatsverandering, Guy Midgley en Oonsie Biggs, gesels op Dinsdag 10 Maart oor die mens se rol in die veranderinge in die Aarde se atmosfeer en hoe die mensdom oor 'n 100 jaar moontlik daaruit sal sien.

Op 'n ligter noot beplan Mike Cherry, Theresa Wossler, Natasha Mothapo en Michael Samways om op Woensdag 11 Maart jou met nuwe oë na voëls, heuningbye, miere en ander insekte te laat kyk. Beide gesprekke word gelei deur die staatmakers van die RSG Sondagprogram *Hoe verklaar u dit,* Dave Pepler en Jurie van den Heever.

Science Café Stellenbosch is op 10 en 11 Maart om 19:30 by Die Khaya. Toegang is gratis.

## Soil scientists win award

SU soil scientists Dr Andrei Rozanov and Liezl Wiese (PhD candidate) jointly received the Soil Science Society of SA's "Best Scientific Paper on Innovative New Technology" award at the Combined Congress 2015 of the South African Soil Science, Horticulture, Agronomy and Weed Science societies held at Tramonto in George in January.

Rozanov, with co-authors Wiese and I. Ros, presented a paper on "Soil organic matter: constant, variable and unknown" suggesting a macroscopic statistical method to determine and monitor C content and particle density of soil organic materials. The approach gives further insights into organic matter decomposition and dynamics in soil.

Wiese, with co-authors Ros, Rozanov, W.P. de Clercq and T. Seifert, presented a paper on "Soil carbon accounting in KZN Midlands using vertical distribution functions".

She proposed a new approach towards soil carbon accounting, simplifying the procedure and reducing the amount of sampling by an order of magnitude to make soil carbon inventories an integral part of carbon foot-printing.



## Vensters groot sukses; 18 500 kaartjies verkoop

Vensters, een van die hoogtepunte op die studentekalender, was vanjaar 'n groot sukses met altesaam 18 500 kaartjies wat vir die aand verkoop is.

Vensters maak deel uit van die MAL²-program, wat tydens die verwelkomingsweek gehou was. MAL² (Maak Ander Lewens Makliker via Liefdadigheid) is 'n pret, studente-gedrewe fondsinsamelingsprojek ten bate van Matie Gemeenskapsdiens (MGD).



*Die Vensters-produksie van Elsenburg en Harmonie.* Foto: JUSTIN ALBERTS

"Vir Vensters 2015 was ons doel om een van die beste en veiligste Vensters nóg aan te bied, en ek kan met sekerheid sê ons het daarin geslaag. Ons is so dankbaar vir elke koshuis wat die uitdaging om vanjaar se Vensters die beste ooit te maak, aangegryp het. Sonder hulle sou dit 'n mislukking gewees het," sê James de Villiers, Vensters-koördineerder.

'n Nuutjie op die MAL²-progam was die heel eerste Trapkarre wat die Saterdagmiddag gehou is. Koshuispare het met dié spesiale trapkarre op 'n sirkelroete op kampus, wat 'n gedeelte van Victoriastraat en die Rooiplein ingesluit het, gejaag om te kyk wie die eerste trapkar-kampioene is.

In teenstelling met Vensters was dit hierdie keer seniors se beurt om die harde werk te doen – onder luide aanmoediging van duisende nuwelingstudente .

Eendrag en Lydia is aangewys as die flinkste agter die stuurwiel met Huis Visser en Heemstede in die tweede plek. Dagbreek en Nerina was derde.

Daniella Bezuidenhout, MAD² se Trapkarre-koördineerder, het gesê hulle is beïndruk met die groot aantal ondersteuners en daar is beslis geleentheid om dit na 'n ware gemeenskapsfees uit te bou.

## Student think tank strengthens Stellenbosch/KU Leuven ties

Sixteen of SU's brightest students will form part of a think tank with their peers at KU Leuven, Belgium that will envision "The future of the city" across continents.



*Prof Louise Warnich, Dean of Science, with Ilze Bekker, a postgraduate teaching student who is part of the student think tank.*

The think tank stems from a preferential partnership agreement between SU and KU Leuven and is a unique feature of this level of partnership and distinguishes it from partnerships focussing more on student mobility programmes.

The student partnership is managed by the Postgraduate and International Office (PGIO), the Division for Student Affairs, and the Frederick Van Zyl Slabbert Institute (FVZS Institute).

The Stellenbosch students will interact with 15 KU Leuven students for the duration of 2015, exploring the theme "The future of the city". They will participate in monthly seminars on the SU campus, where invited speakers will cover an array of topics exposing them to different disciplines.

The discussions will culminate in a two-week visit to KU Leuven in November, where the Matie students will meet their Belgium counterparts.

Welcoming "think tankers" at the launch event, Huba Boshoff, Coordinator: Key International Partnerships at the PGIO, highlighted the institutional partnership of more than 20 years. "KU Leuven was one of the very first universities that engaged with SU. We have nurtured and fostered what is now called a preferred partnership," she said.

## US en Seeding Labs in vennootskap vir laboratoriumtoerusting

Die US is die eerste instelling in Suid-Afrika om in vennootskap te gaan met Seeding Labs, 'n Amerikaansgebaseerde organisasie wat broodnodige gebruikte laboratoriumtoerusting in ontwikkelende lande versprei vir gebruik in navorsing en opleiding.

In Maart 2013 het prof André de Villiers en Peta Steyn van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap aansoek gedoen vir gebruikte laboratoriumtoerusting ter waarde van R2 miljoen nadat die US se afdeling vir Navorsingsontwikkeling R200 000 tot die projek bygedra het as saadkapitaal.

In Augustus van daardie jaar is hul aansoek as een van 19 projekte wêreldwyd gekies uit 74 aansoeke uit 27 lande. Die lang verwagte vrag wat in Desember 2014 in die Kaapstadse hawe aangeland het, word tans uitgepak en geïnstalleer in die analitiese chemie, anorganiese chemie en organiese chemie laboratoriums van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap. Dit sal gebruik word vir navorsingsdoeleindes en in die opleiding van voorgraadse studente.

Hierdie toerusting sluit onder meer in 'n massaspektrometer, twee hoëverrigting- vloeistofchromatografie-instrumente, een watersuiweraar en twee rotorverdampers.

Volgens De Villiers is hy baie opgewonde hieroor.

# Uit die loopgrawe van joernalistiek

*Twee nuwe dosente het vanjaar by die span van die Departement Joernalistiek aangesluit, Marenet Jordaan en die Rykie van Reenen-genoot, Jeanne van der Merwe. Albei is ook voormalige studente van dié departement. SONIKA LAMPRECHT het met hierdie ervare joernaliste gesels.*


*Marenet Jordaan*



*Jeanne van der Merwe*

**Waarna sien julle die meeste uit in hierdie nuwe pos as dosent?**

**Marenet Jordaan:** Dit is vir my 'n wonderlike nuwe fase in my loopbaan. Ek het nog altyd van mentorskap gehou en hierdie is 'n ideale geleentheid daarvoor. Ek sien veral uit daarna om met meer senior studente te werk.

**Jeanne van der Merwe:** Dis nie aldag dat jy tegelyk aan soveel nuwe sienswyses en sterk opinies blootgestel word nie. Ek is amper seker ek gaan meer by die studente leer as wat hulle by my gaan leer.

**Julle het al by 'n verskeidenheid publikasies gewerk of posisies beklee. Wat was die gunsteling en hoekom?**

**MJ:** Hierdie is 'n haas onmoontlike vraag om te beantwoord. My hart sal altyd ten minste halfpad in die bedryf wees. Daarom moet ek sê my eerste paar jaar as jong joernalis by *Die Burger* was spesiaal en leersaam. Die skuif wat ek na die akademie gemaak het, was egter die regte een vir my en ek geniet dit baie – veral hier op Stellenbosch.

**JvdM:** Ek was mal oor my eerste werk by die *Argus* omdat ek nooit geweet het wat daardie dag gaan gebeur nie. Die *Sunday Times* was lekker omdat dit so 'n "brash" publikasie is en jy altyd vir die oortreffende trap gesoek het in alles wat jy doen. By *Weg!* het ek 'n produksie-pos gehad en moes regtig leer hoe om sorgvuldig en kreatief met taal om te gaan en te dink oor die goed wat jy nie tyd kry om oor te dink as jy 'n verslaggewer is nie. My laaste werk as ondersoekende joernalis was my gunsteling, want ons eenheid het 'n klomp nuwe tegnieke en benaderings tot stories probeer, soos data-analise en aansoeke onder inligtingswetgewing. En jy moes noodgedwonge jou werk heelwat meer strategies benader as wat jy by 'n dagblad sou doen.

**Wat is die waardevolste lesse wat jou loopbaan jou geleer het en wat jy graag aan studente sal wil oordra?**

**MJ:** Deursettingsvermoë en om te weet wat jou eie sterkpunte en grense is.

**JvdM:** Jy kan nooit genoeg keer dieselfde vraag vra om seker te maak jy verstaan iemand reg nie. Daar is nie iets soos 'n onbenullige detail of 'n dom vraag nie, en dit maak nie saak hoe belangrik iemand in die wêreld is nie, vir jou is dit net nog 'n mens met wie jy 'n onderhoud moet voer.

**Hoe voel jy oor die toekoms van joernalistiek, veral in die lig van gedrukte media wat nogal swaarkry?**

**MJ:** Ek sou nie by 'n Joernalistiekdepartement aangesluit het om nuwe joernaliste te help oplei as ek bekommerd was oor die toekoms van joernalistiek nie. Dis waar dat die gedrukte media swaarkry weens onder meer gebrekkige advertensie-inkomste. Na my mening sal daar egter altyd 'n plek wees vir joernaliste wat sin maak uit die massas inligting waarmee gebruikers daagliks gekonfronteer word. Dit geld ook vir koerantjoernaliste; al mag die medium van hul boodskap dalk verander om meer digitaal te word. Daar sal altyd 'n behoefte wees na dié soort navorsing, ontleding en in-diepte ondersoeke wat koerantjoernaliste doen.

**JvdM:** Ek dink mense vergeet maklik dat die joernalistiek nog altyd tot 'n mate die wind van voor gekry het. Van waar ons sit, lyk dit miskien soms beroerd, maar mense is deesdae baie meer krities en bewus van hoe uiters belangrik vrye spraak en betroubare inligting is, so ek dink dit sal altyd bestaan, maar miskien in ander mediums en vorme as waaraan ons tradisioneel gewoond was. Dit gebeur al klaar, en daar is baie nuwe middele beskikbaar wat joernaliste help om hul werk te doen. Dis eintlik 'n opwindende tyd – ietwat soos daardie Chinese "curse" wat sê "May you live in interesting times."

**Hoe reken jy beïnvloed bogenoemde die opleiding van joernalistiekstudente?**

**MJ:** Aspirant-joernaliste moet opgelei word om sogenaamde "agente van verandering" te word. Die belangrikste ding wat jy vir 'n student kan leer, is om voorbereid te wees daarvoor om heeltyd aan te pas. Digitale tegnologieë verander teen so 'n snelle pas dat dit nie altyd help om hulle net in een spesifieke soort sagteware op te lei nie. Hulle moet gereed wees om lewenslank te leer en te groei. Dit beteken daar moet eers 'n terugkeer wees na 'n goeie basiese fondament van etiese, akkurate en verantwoordelike joernalistiek.

**JvdM:** 'n Joernalistiekstudent kan nie meer hier instap en besluit "Ek gaan op drukmedia fokus", of "Ek gaan beslis 'n radio-joernalis word", en dan net konsentreer op wat hulle in belangstel nie. Jy moet kan skryf, redigeer, video's en podcasts maak en sin maak uit 'n stortvloed inligting. By dit moet hulle veel skerper wees wat hul basiese vaardighede betref as toe ek 15 jaar terug joernalistiek geswot het, want hulle gaan waarskynlik begin werk in baie jong nuuskantore sonder veel ou hande wat hulle kan touwys maak oor hoe om dinge te benader. Hulle gaan werk vir bestuurders wat veel minder tyd het om hulle te mentor en te help. Dis 'n enorme uitdaging.

**En wat maak julle met julle vrye tyd?**

**MJ:** Vandat ek op Stellenbosch woon, ontdek ek graag nuwe restaurante en wynroetes. As iemand wat op 'n plaas grootgeword het, sien ek ook uit daarna om staproetes en die natuur te geniet. Verder kan jy my ook omkoop met 'n lekkerlees-boek of 'n goeie fliek.

**JvdM:** Musiek was nog altyd deel van my lewe – ek het voorgraads musiek geswot, maar ná ek begin werk het, was daar nie veel tyd vir klavier oefen nie. Nou speel ek baskitaar in 'n *band* – vier snare gee jou baie minder probleme as 88 klawers, en op die baskitaar gaan dit baie meer oor hoe jy iets speel as wat jy speel.



# Lights out?

*With load shedding becoming an almost daily reality, consumers need to know how it affects them and what they should do when the lights go out. Here is a status update and some tips for the office.*

Like the rest of the country, Stellenbosch University and its campuses are affected by load shedding and we should therefore be prepared for any disruption in the power supply.

Recent media reports have stated that load shedding will be with us for a few months. Although we cannot do anything about it, we can certainly be vigilant with regards to the effects and possible dangers that load shedding presents.

At SU, crucial academic buildings and research facilities have emergency power, while some buildings have partial emergency power. Other critical areas have been fitted with uninterruptible power supply with a back-up system which lasts approximately two hours.

All entities – faculties, departments, residences, sports facilities and support divisions – are responsible for their own back-up arrangements relevant to their own circumstances, and to also create the necessary communication networks.

## Be aware of the following:

- All entrances and exits with card access at SU have back-up battery systems and staff should not have any problems entering or leaving buildings during the estimated two to three hour power outages. If the outage lasts longer these batteries may need to be checked. The back-up systems also need routine maintenance, and the safety committees in all buildings should ensure that these systems are tested regularly.
- For security reasons staff and students may be requested to identify themselves. It is recommended that staff members carry their staff identification cards at all times.
- Ensure that electrical appliances, which may have been switched on just before an outage, are switched off before you leave the office.
- Consult the load shedding schedule when you arrange events which are dependent on power supply. If generators are a necessity, remember to take the financial implications into consideration.

For schedules and more tips visit www.sun.ac.za/loadshedding. Also read the weekly *Boschtelegram* for load shedding announcements.

## Some tips for when you are at home:

- Regularly charge your mobile devices.
- Because your TV or computer is off, find some old-fashioned entertainment – take out a board game and play by candle light.
- Boil water before the electricity goes off and pour it into a thermos flask. If you feel like a cup of coffee or tea later, you have some hot water.
- It's summer, so braai some meat for supper.




# Advancing foetal surgery

*Prof Samad Shaik of SU's Faculty of Medicine and Health Sciences chats to ENGELA DUVENAGE about his field of specialisation: intricate foetal surgical interventions.*

Prof Samad Shaik is sentimental about a somewhat grainy photograph. It shows four toddlers on whom he performed lifesaving operations before they were born. After the procedures they were allowed to develop further to full term in their mothers' womb.

At the beginning of 2014, Shaik became head of the Division of Paediatric Surgery at the Faculty of Medicine and Health Sciences. He is the only paediatric surgeon in South African able to perform intricate foetal surgical interventions involving anything from closing spina bifida to opening blocked bladder pipes. During such procedures, the baby can be removed partially or fully from the womb for up to three hours, because its vitals are still controlled through the mother's umbilical cord.



*Prof Samad Shaik*

This graduate of the University of KwaZulu-Natal Medical School believes it's simpler to perform certain procedures before birth. "For instance, it's easier to remove a growth from a baby's neck whilst the baby is still attached to the placenta than struggling to insert a respiratory pipe after birth to do the same operation," he explains.

Shaik also believes that foetal intervention should be the "gold standard" for selected spina bifida cases. Comprehensive American research show that the closing up of a foetus' spinal cord before birth dramatically improves a child's quality of life and further ability. The same procedure can of course be done after birth, but by then the spinal cord has already been damaged through exposure to amniotic fluid.

*Foetal surgery can contribute more to the developing world than we probably realise. Amongst others, it saves costs when the baby recuperates for free in the best ICU – its mother's womb – rather than occupying a precious bed in a neonatal ICU after birth.*

"Foetal surgery can contribute more to the developing world than we probably realise. Amongst others, it saves costs when the baby recuperates for free in the best ICU – its mother's womb – rather than occupying a precious bed in a neonatal ICU after birth.

Some of the first experiments in this field were done in Cape Town in the 1950s by Dr Chris Barnard and Dr Jannie Louw, who operated on pregnant beagle dogs. In the 1980s, such interventions were first tested on humans by American Dr Michael Harrison, initially with limited success. However, minimally invasive surgery has made procedures less complicated and risky for especially the mother involved.

Shaik first learnt about it in the late 1990s while in the USA on a Fogarty International Fellowship in Medical Informatics, Telemedicine and Robotics. Upon returning to South Africa, he completed a sub-speciality in paediatric surgery, followed by training in foetal and neonatal medicine in France and Belgium.

He initially worked at the Albert Luthuli Academic Hospital in Durban before entering private practice in 2007. He developed close relationships with materno-foetal specialists and obstetricians in the region, and his practice steadily progressed from offering mainly antenatal counselling to providing the full spectrum of invasive foetal interventions.

This teacher at heart realises the importance of training more paediatric surgeons, especially since seven of the country's most senior practitioners retired recently. He hopes his new role at SU will also allow him to put adequate research behind the procedures he performs.



# Daar's 'n trein na Matjiesfontein

*Leon Croukamp is nie net 'n dosent nie – van astronomie en geologie tot modeltreine maak hom opgewonde. En dit alles het te doen met 'n plek genaamd Matjiesfontein. STEFAN ELS vertel meer.*

Leon Croukamp het 'n sagte plekkie vir Matjiesfontein. Sedert 2002 doen hy navorsing net buite dié nedersetting in die Karoo wat bekend is om sy stasie en die historiese Lord Milner Hotel.

Matjiesfontein is geologies geskik vir Croukamp se navorsing, waarvan sy jongste projek sy deelname is aan die ontwikkeling van 'n Lunar Laser Ranger. Dié laser van 1 meter in deursnee word by die Hartbeesthoek Radio Astronomy Observatory, oftewel HartRAO, in Krugersdorp ontwikkel.

Dit kan die afstand na die maan baie akkuraat meet. Die laserstraal weerkaats vanaf die retro-reflektors – vier van Apollo en een van Lunakhod van Rusland – wat op die maan agtergelaat is. "Skiet jy op enige ander plek kry jy geen respons nie, maar as jy op daardie vyf plekke skiet, is daar fotone wat terugkeer. Net nog 'n bewys dat mense wel op die maan was," sê Croukamp.


Hy is 'n ingenieursgeoloog en gee klas in ingenieursgeologie en Geografiese Inligtingstelsels (GIS) by die US se Departement Siviele Ingenieurswese. Croukamp werk tans aan sy PhD, wat handel oor 'n geotegniese GIS vir die maan, wat as hulpmiddel tydens toekomstige eksplorasies van die maan sal dien, asook die ondersoek en gebruik van konstruksiemateriale op die maan.

Maar dis nie net geologie en lasers wat Croukamp interesseer nie. By die Stellenbosse Speelgoed-en-miniatuurmuseum help hy sedert 2010 om die modeltreine, wat volgens 1:87 skaal gebou is, aan die ry te kry. Die doelwit is om die twee treine gesinchroniseerd op die spoor te laat loop – 'n spoor wat in dié speelgoedwêreld tussen Stellenbosch en Matjiesfontein loop.

"Dit kan gebeur sodra iemand 'n knoppie voor die treinvertoonkas druk. Weens die ouderdom van die treine se motortjies, party meer as 30 jaar oud, loop hulle nie altyd teen dieselfde spoed nie. Dit veroorsaak dat die program wat die treine beheer hulle outomaties laat stop om 'n ongeluk te voorkom," sê Croukamp, wat nou besig is om te kyk hoe hulle dié probleem kan oorkom en die treine konstant kan laat loop.



*Die model van Stellenbosch Stasie.*



*Leon Croukamp by die modeltrein.* Foto's: STEFAN ELS

Sy ander belangstelling is die Geoscience-sentrum wat verlede jaar bekendgestel is. Dié wetenskapsentrum is in twee ou treinwaens in die Vervoermuseum op Matjiesfontein ingerig. In die een wa is 'n rekenaarsentrum, interaktiewe vertoonskerm en 'n wetenskapmuseum. Die ander wa dien as verblyf vir besoekende studente en leerders.

"Tans word daar hard gewerk aan die skep van die 'Geotrain'. Hierdie trein sal na afgeleë plekke in die land ry en ongeveer drie maande op 'n plek staan waartydens daar geotegniese ondersoeke, geofisiese en astronomiese opmetings gedoen sal word. Studente sal die geleentheid kry vir indiensopleiding," sê Croukamp.

Dit is 'n gesamentlike projek van TUT, die US, UP, NMMU en NWU as die grootste rolspelers.

Vandeesmaand is Croukamp op pad na die Lunar and Planetary Science Conference in Houston. NASA neem ook deel en Croukamp gaan die geleentheid kry om daar oor sy PhD- navorsing te praat. Tydens die konferensie is daar onder meer ook besprekings van die Lunar Exploration Activity Group (LEAG), Lunar Mapping Group en Planetary Geoscience Group.

# University Museum exhibits SU's history



*A scale model of how SU's campus looked.* *Photo: STEFAN ELS*

A new exhibition on the history of Stellenbosch University opened at the University Museum on Wednesday, 18 February.

The exhibition, titled *Universiteit Stellenbosch University: verlede hede toekoms / past present future*, provides a concise overview of the history of the University since the inception of Stellenbosch Gymnasium in 1866 and Stellenbosch College in 1879, which became Victoria College in 1887.

SU developed from Victoria College and was officially opened on 2 April 1918. The exhibition covers the period up to 2014.

"The history of the university buildings receives a considerable amount of attention in this exhibition, with a series of highlights from each of the ten decades since 1918 concerning events and developments at SU," says Prof Matilda Burden of the SU Museum who researched, planned and installed the exhibition.

"Over and above those highlights, the exhibition covers subjects such as the current residences, student culture, student language, sports clubs and the current faculties and departments. In addition, there is a virtual tour of the campus and a map displaying the layout of the campus, elucidated with coloured lights," she adds.

A few interesting artefacts from academic departments that were used in teaching in years gone by are on exhibition, as well as a number of objects from three of the oldest residences, Harmonie, Dagbreek and Monica.

The late SU Rector Prof Russel Botman requested in 2011 that such an exhibition be compiled.

The guest speaker at the official opening of the exhibition was Prof Leopoldt van Huyssteen, SU's Acting Rector and Vice-Chancellor.

"It is very clear from the exhibition that the University means different things to different people at different times – to students, staff, the town and the rest of the world.

"And that is how it has always been, fittingly so, because Stellenbosch University is a multifaceted institution fulfilling multiple roles in society," said Van Huyssteen.





*Kampusnuus vertel jou dié maand van 'n paar moet-doen dinge. Vir 'n vinnige koppie koffie of 'n heerlike toebroodjie, gaan loer in by Cup of Cino. Einde Maart is twee Stellenbosse musici op die Endlersaal se verhoog. En wees ingelig met 'n nuwe boek oor die gevreesde Ebola-virus.*

## Etenstyd

'n Mens het niks meer as 'n heilsame toebroodjie en 'n smaaklike koppie koffie vir middagete nodig nie. En dit kan jy kry by Cup of Cino, geleë op die hoek van Andringa- en Beyerstraat.

Cup of Cino sorg nie net dat jou maag gevul word nie, maar daar word ook klere verkoop en hulle verskaf dienste soos fotokopieerwerk en drukwerk.

Op hul spyskaart is 'n reeks disse, of eerder vulsels, wat voorgesit kan word as onder meer 'n panini of slaai. Probeer Oosterse speseryhoender, biltong, pastrami, hoender en provolone-kaas, of salami.

Jy kan sommer vir middagete 'n ontbyt geniet, want hier kry jy heerlike croissants en muffins.

Soos die naam aandui, is koffie 'n spesialiteit. Daar is verskeie opsies, van cappuccino en espresso tot chai latte en macchiato.

Cup of Cino se broodjies en koffie is beslis die moeite werd.



## Luister

Twee Stellenbosse musici lewer op 29 Maart 'n ongewone konsert. Die tjellis **Anzél Gerber (foto)**, verbonde aan die US Konservatorium, en plaaslike orrelis **Zorada Temmingh** speel werke wat oorspronklik vir hierdie buitengewone kombinasie geskryf is, asook verwerkings vir tjello en orrel van bekende musiek.

Die konsert val op die Sondag voor Paasfees, genoem Palmsondag, en daarom is 'n komposisie van die Suid-Afrikaner Hendrik Hofmeyr ('n voormalige dosent aan die Konservatorium) ingesluit wat hy spesiaal vir Gerber geskryf het. Die stuk is getitel *Crucifixus* en is in 2004 gekomponeer.

Ander werke in die program sluit in oorspronklike musiek vir tjello en orrel deur Josef Rheinberger (1839-1901), Joseph Jongen (1873-1953), Gaspar Cassadó (1897-1966) en Gabriel Fauré (1845-1924). Daarby speel die duo ook verwerkings vir die kombinasie van tjello en orrel van werke deur gewilde komponiste soos Schumann en Vivaldi.

Gerber is al deur kritici geloof as 'n tjellis wat die gehoor aangryp met haar spel, haar artistieke benadering, musikaliteit en tegniek. Sy het reeds op vierjarige ouderdom begin tjello speel.

Ná studie in Suid-Afrika, onder meer by Marian Lewin, het Gerber in Rusland studeer. Sy het al meesterklasse van die befaamde Mstislav Rostropovich, Natalia Gutman en Maria Kliegel ontvang.

Gerber het in 2008 haar PhD in musiekuitvoering van die Universiteit van Londen (Goldsmiths College) verwerf, en ná-doktorale navorsing aan die Temple-universiteit in Amerika gedoen voordat sy by die US Konservatorium aangesluit het.

Temmingh word gereken as een van Suid-Afrika se voorste orrel-improvisators en tree landwyd op in produksies met orrel-improvisasies rondom spesifieke temas, as beoordelaar by kunswedstryde en kompetisies, en is 'n eksaminator vir Unisa.

Sedert 1986 is sy die orrelis van die Moedergemeente Stellenbosch. In 2006 het die KKNK haar met 'n spesiale




Kanna-toekenning vereer.

Die konsert is op Sondag 29 Maart in die Endlersaal. Kaartjies is by Computicket beskikbaar.

## Read

A new book, *Ebola Prevention and Control* written by Dr Angela Dramowski and Prof Shaneen Methar, will soon help healthcare workers in especially low-resourced areas to combat Ebola.

This dreaded disease has wreaked havoc in West Africa, killing thousands of people and severely straining the medical resources of the affected countries. Although South Africa has been spared an Ebola outbreak, we should remain vigilant and increase our level of preparedness against the disease. In this regard, *Ebola Prevention and Control* could offer some valuable practical guidelines to deal with the disease, says Dramowski, who is a Paediatric Infectious Diseases specialist affiliated with the Division of Paediatric Infectious Diseases in the Department of Paediatrics and Child Health at SU's Faculty of Medicine and Health Sciences. Her co-author, Prof Shaheen Mehtar, is a retired international expert in the prevention and control of infections.




*Ebola Prevention and Control* is part of the Bettercare series, which addresses the need for continuing education for health professionals. It was written with funding from SU's Rural Medical Education Partnership Initiative (SURMEPI) and produced in collaboration with the Academic Unit for Infection Prevention and Control at Tygerberg Hospital and the Infection Control Africa Network.

The publication was edited by Prof Dave Woods, a retired neonatologist (a paediatrician who provides medical care to new-born babies) and the editor-in-chief of the renowned Perinatal Education Programme.

Dramowski says *Ebola Prevention and Control* was written to prepare and help healthcare workers to manage patients with viral haemorrhagic fevers, particularly Ebola. It also focuses on the protection of health care workers in areas where there is an outbreak of the disease.

Although the book focuses mainly on prevention of disease transmission to healthcare workers and patients, it also contains chapters covering the virology, epidemiology and clinical management of haemorrhagic diseases such as Ebola.

- *Ebola Prevention and Control* can be downloaded for free at www.bettercare.co.za/books/ebola-prevention-control.

# Tuisgekook is steeds die beste

*Dit is tog so maklik om ná werk sommer wegneemetes te kry – minder moeite en dit bespaar elektrisiteit, dink ons. Maar daar is groot gesondheidsvoordele aan tuisgekookte maaltye.*

Kosmaak klink vir meeste mense na te veel moeite, want daardie ete waaraan jy ure lank voorberei het, word binne 'n paar minute opgeslurp. Boonop moet jy inkopies gaan doen, bestanddele voorberei, die kos maak en dit dan voorsit. Kitskos klink na soveel minder moeite.

Maar vir die gerief boet jy veel in: jou gesondheid. Ja, selfs al koop jy "gesonde" wegneem-etes hou dit gesondheidsrisiko's vir jou in.

In 'n artikel op care2.com sê 'n navorser van Harvard-universiteit se Skool vir Openbare Gesondheid dat navorsing daarop wys dat mense wat tuis kosmaak gesonder eet. Hulle eet ook minder kalorieë, minder versadigde vette en sout.

Daar is egter nog voordele aan maaltye tuis kook.

**Allergieë:** Wanneer jy by die huis kosmaak, is dit makliker om te beheer presies watter tipe bestanddele in jou kos gaan.



Vir mense wat allergies is vir byvoorbeeld grondboontjies of skulpvis kan onveilige wegneemetes dodelik wees indien daar 'n fout in die restaurant se kombuis insluip. Dit is ook makliker om voorsiening te maak vir mense met 'n intoleransie vir suiwel of gluten, aangesien dit soms in wegneemetes versteek is.

**Voedingswaarde:** Meeste restaurante, veral wegneemplekke, se kos bevat gewoonlik baie vette, sout en suiker. Jy kan sekerlik dan en wan 'n lekker burger of gebraaide hoender gaan koop, maar dit is geensins gesond om as 'n gereelde maaltyd geniet te word nie.

**Kosveiligheid:** Kos kan ook siektes oordra as dit met bakterieë besmet of nie goed gaargemaak is nie. As jy beheer het oor hoe jou kos voorberei word, is die kanse minder dat jy kosoordraagbare siektes sal kry.

**Spaar geld:** Kos wat verpak en reeds voorberei is kos meestal duurder as rou bestanddele, selfs met die koste van elektrisiteit ingesluit. Jy kan ook geld spaar deur bestanddele in groot maat te koop. En wat oorbly, kan jy die volgende dag vir middagete op kantoor inpak.

**Beplan etes:** Wanneer jy rou bestanddele koop, kan jy jou week se maaltye beplan en 'n gesonde spyskaart opstel. Op dié manier verseker jy dat jy en jou gesin altyd 'n gesonde maaltyd het en nie verlei word om sommer na kitskos te gryp nie.

**Kleiner porsies:** Jy kan ook jou porsies beter beheer wanneer jy self kook. Kitskos-porsies is gewoonlik groot en 'n mens is geneig om die hele burger en al die skyfies op te eet.

**Bronne:** *care2.com; sfgate.com*




Set on a Jacaranda-lined street in Stellenbosch's most elegant part of town 5 Seasons is the oasis of peace and tranquility. Only 3 minutes drive from the centre with its restaurants, cafes and bars, but also museums, galleries, the University and the STIAS conference centre.

*Tel:* 021 886 6159
*Email:* info@5-seasons.co.za
*Website:* www.5-seasons.co.za
60 van der Stel Street, Stellenbosch

5SEASONS guesthouse




# 'n Droom word waar

*Dr Marietjie Theron-Wepener, Adjunkdirekteur: Sakeontwikkeling, Bemarking en Kommunikasie by die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB), het in Desember haar PhD-graad in korporatiewe reputasie verwerf. HEINDRICH WYNGAARD het met haar gesels.*

Ander droom van beroemd raak of in hoë gestoeltes sit. Dr Marietjie Theron-Wepener het van kindsbeen af gedroom om haar PhD te verwerf.

Noudat sy dié mylpaal in Desember verlede jaar bereik het, sê sy: "Dit was net iets wat ek al van kleins af wou doen – dalk omdat my pa dit so graag vir homself wou gehad het, maar nie die geleentheid gehad het nie."

Haar pa, onderwysman Chris Theron, kon nogtans met 'n meestersgraad agter sy naam spog. Ook haar ma Ruth, nou reeds 94, is 'n oud-onderwyseres – "en sy lees nog daagliks die koerant van voor tot agter en vul elke blokkiesraaisel in".



*Dr Marietjie Theron-Wepener* *Foto: STEFAN ELS*

In Theron-Wepener se ouerhuis in Bethlehem in die Vrystaat is baie klem op dissipline en akademiese prestasie gelê. Tou opgooi was dus nooit 'n opsie oor die nege jaar wat dit haar geneem het om haar PhD te voltooi nie. Haar tesis is getitel: "The development of a new instrument to measure client-based corporate reputation in the service industry".

Dit was nie maklik nie. "Omdat ek nie in 'n akademiese pos is nie, was daar nie iets soos lang studieverlof neem nie. Ek is gereeld ná-ure nog by werksaangeleenthede betrokke. Dit het nogal dissipline gekos om dan nog tuis aan my tesis te gaan werk."

Gelukkig het sy 'n uiters ondersteunende man, Johan, 'n sakekonsultant en MBA-alumnus van die USB. Theron-Wepener vertel dat sy drie jaar ingeboet het toe haar eerste studieleier, die uiters bekwame prof Stephanus Loubser, afgetree het. Heeltyd egter kon sy staatmaak op die leiding, rustigheid en deeglikheid van haar mede-studieleier, prof Eon Smit. In prof Christo Boshoff het sy toe een van die US se voorste navorsers as studieleier gevind om die PhD-tog saam met haar te voltooi. "Jy weet jy is veilig met hom."

Die grootste voordeel van 'n PhD is die wyse waarop dit jou leer om anders te dink, voeg sy by. Selfs al sou iemand 'n PhD nooit verder gebruik nie, is dit die denkprosesse wat gevorm word wat hom of haar vir altyd sal deurdra.

Theron-Wepener, wat reeds meer as 15 jaar by die USB werk, sê sy is gelukkig dat sy daagliks vir reputasiebestuur verantwoordelik is. Die bestuurskool se eie reputasie is gebou op die gehalte van die opleiding wat aan studente gebied word en op die ontwikkeling van die skool oor 50 jaar. Die skool, wat destyds met 'n handvol (manlike) Afrikaanssprekende studente begin is, word vandag internasionaal erken.

'n Instansie se reputasie hang nie net af daarvan dat die regte dinge gesê word nie, maar ook dat die regte dinge gedoen word, glo Theron-Wepener. Sy beklemtoon: "Selfs belangriker is dat jy nooit iets by jou belangegroepe moet vra voordat jy hulle nie iets gegee het nie."

Beskou sy haarself as 'n beeldbouer of beeldpoetser? "Beslis nie 'n beeldpoetser nie, want beeldpoets impliseer '*spin*' en daai dae is lankal verby. Die koms van sosiale media beteken alles is in die ope." Sy verkies "reputasie" eerder as "beeld": beeld is 'n vlietende ding, terwyl 'n goeie reputasie die resultaat is van harde werk oor 'n lang tyd.

Met haar PhD agter die rug, vertel sy, het sy weer tyd vir eksterne werk. Naas haar rol as die USB se bemarking- en kommunikasiehoof gaan sy ook hierdie jaar klasgee in Bemarking op die USB se splinternuwe Nagraadse Diploma in Sakebestuur en -Administrasie. Só bou dr Marietjie Theron-Wepener voort op haar eie reputasie as 'n harde werker.

**Theron-Wepener se 3 reputasiebestuurwenke:**

- Outentieke kommunikasie: Moenie dinge voorgee wat nie waar is nie.
- Volgehoue ("*consistent*") kommunikasie: Hou by dieselfde storie (boodskap).
- Sorg dat mense 'n goeie ervaring van jou organisasie het: Stel bekwame mense in sleutelposte, soos by die ontvangstoonbank, aan.



'n Brand het Sondagoggend 22 Februarie gedeeltes van die Van Der Sterr-gebou op die Stellenbosch-kampus beskadig. 'n Brandalarm is net voor 09:00 in die beheerkamer van Kampussekuriteit geaktiveer, die brandweer en Kampussekuriteit was binne 10 minute daar, en teen 11:00 was die brand onder beheer. Die grootste skade is aan die dak en derde vloer aan die noorde en ooste kant van die gebou. Brandmure in die Van der Sterr-gebou het vermoedelik voorkom dat die brand verder versprei het. Die Universiteit se versekeraars doen tans 'n forensiese ondersoek. Die gebou huisves verskeie departemente en afdelings van die US se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW). Sowat 75 personeellede werk in die gebou, en tot ongeveer 2 500 studente loop per periode daar klas, sommige ook uit ander fakulteite. Foto: GABRIELLE FORSSMAN



*Prof Wolfgang Huber (middle) delivered his inaugural lecture as Honorary Professor in the Disciplinary Group of Systematic Theology and Ecclesiology in the Faculty of Theology on Thursday, 19 February. The title of his address was "Why ethics?". Pictured here is Huber with Prof Nico Koopman, Dean of the Faculty of Theology, and Prof Eugene Cloete, Vice-Rector: Research and Innovation.* Photo: IGNATIUS VLOK



*Proff Maret du Toit (tweede van links) van die Departement Wingerd- en Wynkunde en Pieter Gouws (tweede van regs) van die Departement Voedselwetenskap in die Fakulteit AgriWetenskappe het albei hul intreeredes op Donderdag 12 Februarie gelewer. Die titel van Du Toit se aanbieding was "Lactic acid bacteria: Friend or Foe?", terwyl Gouws oor "The Microbe will have the last word" gepraat het. Hier is Du Toit en Gouws saam met prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie) en prof Danie Brink, Dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe.* Foto: ANTON JORDAAN

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE KOOP / FOR SALE


**Te koop:** Breville-versapper (Juice Fountain Plus). R1 150. Gekoop 19/11/2014, @home vir R1 549 as spesiale aanbieding (gewone prys: R1 800). Slegs 2 keer gebruik. Kontak 072 219 9265.

### SAAMRY / LIFTS

**Noordelike voorstede (Vredekloof of Stellenberg-omgewing) – Stellenbosch:** Saamryklub soek een persoon om saam te ry vanaf bogenoemde areas na Stellenbosch-kampus. Werksure 08:00–16:30. Eie vervoer noodsaaklik. Kontak mhanekom@sun.ac.za of 021 808 2601.

**Gordonsbaai – Stellenbosch:** Dame soek geleentheid vanaf Gordonsbaai tot Stellenbosch en terug vanaf Maandag tot Vrydag. Kantoorure 08:00 tot 16:30. Kontak Miranda by 021 808 9522 of 082 925 5897.

LUMLEY'S PLACE
ACCOMMODATION | CONFERENCING | PRIVATE FUNCTIONS
★★★★
Sincerely Yours
PETER AND BENITA CYSTER
M: +27 (0)82 850 9007



GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"
E: info@lumleysplace.co.za
www.lumleysplace.com

CS ASSET MANAGEMENT
Actively Managing Funds



Our long-term client relationships speak of our belief to do the best we can for our clients.

Through working with our experienced and seasoned team of fund managers, your portfolio of **actively managed funds and investments** will be handled with discipline, combined with thorough research and effective risk management to realise the value of your assets.

Contact CS Asset Management to discuss your long-term investment strategy.

APPROVED FINANCIAL SERVICES PROVIDER FSP NO. 43837

Tel. +27 21 887 3360 • www.csassetmanagement.co.za